Vol. 172

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING) 8845-8901

I2.3 Vol 172 p 8845-8901

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS
1987-02-10

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 172

(Bladsye 8 845 - 8 901)

COURT RESUMES ON 10 FEBRUARY 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE: d.s.s. (Through Interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS: When did you see the witness IC8 for the first time? -- When he came to give evidence in court here.

During the preparations of the 2nd of September 1984 for the march of the 3rd and during the march of the 3rd, or the preparations for that march in the quadrangle of the Roman Catholic Church did you see him at all? -- I did not see him at all.

At the meeting of the 2nd was there any representative from Sharpeville? -- No, there were no representatives.

Well was there any representative from Bophelong? As distinct from Boiphatong? -- No there was none.

Now you told us what happened after the march was dispersed by the police and that you went home. -- That is so.

I do not want you to tell me the contents of any of the reports you received but were there reports as to what had happened to people?

COURT: On that day or ...

MR BIZOS: On the 3rd.

COURT: On the 3rd of September.

MR BIZOS: On the 3rd, the night of the 3rd, the morning of the 4th did you hear reports about what was happening in your living area? -- I heard of reports that people had been injured by being shot ...

COURT: We did actually not want to hear the contents of the report.

MR BIZOS: You heard certain reports about what had happened? -- That is true.

On/....

On the afternoon of the 4th were you approached by anyone? -- Yes I was.

By whom? -- Dorcas and accused no. 10 came to fetch me.

Is that Dorcas Raditsela? -- That is so.

Did they tell you why they had come to fetch you? -- They were inviting me to go to a meeting.

Did you accept their invitation? -- Yes I accepted the invitation.

And where did you go? -- We went to Mr Petrus Mokoena's residence, that is accused no. 6.

And was a meeting held there? -- Yes that is where the meeting was held.

Please tell His Lordship who were present? -- Myself, Bavumile Vilakazi, accused no. 10, Esau Raditsela, Edith Lethlake, David Mphuthi.

COURT: Who is that? -- Accused no. 7. Ephraim Ramagula, that is accused no. 9, Sam Matlole, accused no. 17, Petrus Mokoena, accused no. 6, Reverend Frank Chikane, Joseph Sithole. Those are the people I remember who were present at this meeting.

What was the purpose of the meeting? -- The purpose of this meeting was to devise some means of giving assistance to whoever deserved any assistance on what had happened on the 3rd. Like for instance arranging some food for people because of the shops which had been burnt out. And another reason was that we had gone there to discuss if we could not arrange a meeting to talk to the people in order to bring peace amongst the people in that area.

MR BIZOS: Was the assistance that was discussed confined to food or was any other kind of assistance envisaged? -- We discussed assistance pertaining to lawyers.

Any/....

Any other assistance discussed? If you cannot remember say so. -- Those are the only ones I can remember.

Yes, very well. Was there any indication why the Reverend Frank Chikane was there? -- What happened is that Reverend Chikane was introduced to us in that meeting as the Vice-Chairman of the UDF, I am sorry as the Vice-President, and he had come there to see and find out exactly what happened. What happened is this, this day of the meeting the following people had visited Reverend Chikane, namely Esau Raditsela, Edith Lethlake and the old man Matlole and as a result of their visit to Reverend Chikane this day they then came back with him. That is why he was at this meeting, so that we could discuss our problems and put across to him and make him aware of our needs.

As a result of the discussions that took place there was any decision or were any decisions made? -- Yes there were decisions taken there.

What decisions? -- Because of the feeling we had that there be peace amongst the people there we decided that a pamphlet will have to be written in which pamphlet we were going to make a call for peace in the community. In the same pamphlet we were going to invite the community for a meeting to be held on 9 September at which meeting we were going to hold discussions with the community where we were still going to make a call to the community at this meeting of the 9th. That is a call for peace within the community.

Did anyone undertake to help or to provide the pamphlet that you wanted? -- We at this meeting requested Reverend Chikane to print that pamphlet on our behalf.

On whose behalf? -- He was to print the pamphlet for

us./...

us.

COURT: "Us" being the VCA? -- By "us" I mean the people who were in fact calling the meeting, namely the Vaal Civic Association and Evaton Ratepayers Association, were the two people who were calling for the peace amongst the community.

MR BIZOS: And were there any people there to assist the Reverend Chikane in the preparation of this pamphlet? -- No, because we had given him the details as to what is to be contained in this pamphlet and how to put it in writing. Therefore there was no need for somebody to assist him. What we did was the following, at the closing of this meeting, we requested Esau Raditsela, Edith Lethlake, the old man Matlole, and the old man Matlole, to bring back the pamphlet because they were to go and arrange the lawyers and make arrangements with the Red Cross people which would mean then they were going to see or they were going to be in the area from where they would be able to bring the pamphlet along.

So you gave the Reverend Frank Chikane the details. Can you recall whether he memorised the details or did anything else? -- He jotted them down.

Now did you see the pamphlet AN15(3) at all and did you see pamphlet AN13(7) at all?

COURT: 13(7).

MR BIZOS: No 13(7). Did you see two pamphlets or one pamphlet, what did you see? Did you see both? -- Yes I saw the two pamphlets as referred to.

Now where did you see the first one, AN15(3)? -- I saw this pamphlet AN15(3) for the first time on 6 September.

Where? -- We went to Johannesburg to Reverend Frank Chikane to fetch this pamphlet. That is where I saw it. The

reason/....

reason being that the people they had asked to bring the pamphlet with them on return from Johannesburg did not return from the 4th, and therefore it was for us necessary to go to Johannesburg on the 6th.

COURT: They did not come back from Johannesburg? -- What I mean by that is they never made a report back to us after having been to Johannesburg as requested so therefore that simply means we do not know whether they came back from Johannesburg or not. That is why we went on this day. Which then means we did not see them from the 4th up until the 6th.

MR BIZOS: Do you know what had happened to Mr Raditsela's house in the meantime? -- That house was set alight during the night of the 4th/5th.

Did you ever see Mr Raditsela again after the meeting of the 4th? -- No not at all.

Did you see Edith Lethlake again after the 4th? -- No I did not. All I heard was that she was in custody.

When you saw AN15(3) were you satisfied with it? -- If I may first explain as to how we came to be in the possession of this pamphlet before going to that.

Yes if you want to do that please do so. -- The day when we went to fetch this pamphlet we went to the UDF offices, namely myself, Bavumile Vilakazi, accused no. 10, Mr Petrus Mokoena, accused no. 6, Reverend Jacob Mahlatsi. On arrival there Reverend Chikane was not present. We found somebody else who indicated to us that there is a pamphlet for the Vaal available there. This person gave us two boxes containing copies of this pamphlet, EXHIBIT AN15(3). While we were in the car we then opened one of the boxes to examine the pamphlet

contained/....

contained in the box. On examining the contents of the pamphlet we found some faults with it.

Would you like to tell His Lordship what faults you found with it? -- The first fault which was discovered by us at opening this was that the pamphlet does not invite people for the meeting. As a result of which then we rushed to Reverend Frank Chikane in Braamfontein to go and find out from him now which one is this pamphlet because this pamphlet does not contain the main message which it was intended for, namely the calling of a meeting, and again it was, the heading there was Vaal Civic Association. It did not have the Ratepayers on it. He then went through this pamphlet and later made the following comment about it, that this is not the pamphlet he had arranged for us, he does not know how this one came to be there. At any rate our pamphlet is ready. The only thing is that it has not yet been, it was not yet printed. Due to time factor, that it was already late, we had to take it along to the Vaal. We could not take it back to the UDF people, that is the pamphlet, the incorrect pamphlet.

COURT: That is AN15(3). -- AN15(3). On our arrival at Mr Petrus Mokoena's residence, that is accused no. 6, that is where we examined this pamphlet in detail, where we discovered other faults in its, in the contents of the pamphlet.

MR BIZOS: As a result of the finding of these faults was AN15(3) distributed at all? -- No we did not. The main reason being that it did not make mention of our meeting of the 9th. And again it had the telephone numbers of the people who we did not see, people we did not know about their whereabouts. And again this pamphlet did not contain the call by us for peace. This being a joint pamphlet by the Vaal Civic Association

and/....

and Ratepayers and it did not make it clear that it was a joint pamphlet, it only had Vaal Civic Association, was also another reason why it was not distributed. We felt that we would rather not distribute this at all.

Did you thereafter see the pamphlet EXHIBIT AN15(7)? -- Yes I did.

How did you come to see that pamphlet? -- This came with Mr Vilakazi at my residence on the morning of the 9th.

COURT: Which Mr Vilakazi? -- Accused no. 10.

On the morning of the 9th? -- The morning of the 9th yes.

MR BIZOS: Just one copy or a number of copies? -- He brought quite a number of copies with the purpose that I will have to distribute those.

And did you distribute them? -- Yes I did.

The pamphlet calls for a meeting to be held on the 9th? -- That is true it calls for a meeting on the 9th.

Did you go to this meeting? -- Yes I did go to this meeting.

Right. Would you please tell us whether this meeting took place or not? -- The meeting did not take place because it was banned.

Did you get anywhere near the meeting, or the meeting place, I beg your pardon? -- On the pamphlet here it is indicated that the venue is Roman Catholic Church Small Farms whereas in actual fact the venue at the time of the meeting was the Roman Catholic Church, Zone 12. This venue reflected here was the venue initially when we arranged it. When accused no. 10, Mr Vilakazi, came to me with this pamphlet on the morning of the 9th he made the following report that this pamphlet had been brought to him the previous day, which is the 8th, by Reverend Lord McCamel and further made the following report

to me about what was discussed between him and McCamel. McCamel requested him or told him that he, McCamel, would like to attend this meeting to come and give a report back about the meeting he, McCamel, and the others had with the Administration Board. He further said to me it was during that discussion when they agreed on a better venue which can accommodate more people as the Roman Catholic Church, Zone 12. That was explained to me because when he came to me with the pamphlets, that is Mr Vilakazi accused no. 10, he had already crossed the venue which is reflected on the pamphlet as the Roman Catholic Church Small Farm, the Small Farm was crossed and replaced with Zone 12. While discussing that Mr Vilakazi suggested that after distributing these pamphlets we will have to go and make sure at the Roman Catholic Church Small Farm, which was the original venue, if people are not going there because they may think that somebody just decided without the authority to cancel the Small Farm venue and replace it with Zone 12.

Did you go to Small Farms? -- Yes we did. We did after distributing these pamphlets we did. I went down to Small Farms. On my arrival there I found accused no. 10 already being there.

Any report made to you? -- On arrival there there was a small group of people. Accused no. 10 was busy explaining to that small group of people that this meeting is now in Zone 12. I waited there with him. People who came later were directed by us to go to Zone 12. Accused no. 6, Petrus Mokoena, also arrived there, on which we gave him, accused no. 6, a message to deliver to Reverend Lord McCamel that we are still at this original venue directing the people who are attending the

meeting/....

meeting to come over there. We are on our way, coming. Accused no. 6 left, he was away not for a long time, for a few minutes, and then he was back. On his return he had a banning order with him in which banning order all the meetings were being banned for that weekend of the 9th. As a result of which then we waited there to tell the people that no meeting is going to be held either here, meaning Small Farm, or Zone 12.

And did you then return home? -- Yes we did.

Except for this visit to Johannesburg to get this pamphlet did you personally have any contact with the UDF or any of its officials? -- Not at all, I met the first person Reverend Chikane, this day of the meeting.

After the 3rd? -- That is so.

Were you aware or did you get any UDF documents before the 3rd of September from anybody to study them? -- No, not at all.

Were you detained on 18 November 1984? -- That is true.

Thank you My Lord, I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Nkopane, voor die raadstelsel in 1977 ingestel is, hoe is die woongebiede toe geadministreer? -- Voor die raadslede aangestel was te Sebokeng het ons Sebokeng Management Board gehad. Daarna het ons die Vaal Administration Board gehad. Die raadslede wat in 1977 gekies was, het toe begin werk in 1978.

Onder die Administrasieraad, was u tevrede met hulle hantering van die bestuur van die gebiede? -- Ja, ons was tevrede gewees, want ons het besef dat die huurgelde wat ons destyds betaal het, was eintlik redelik. Destyds was daar nog 'n gebouery van huise wat aangegaan het. Dit het dus beteken dat daar 'n vordering was met die aanbou van die

lokasie/...

lokasie.

Was daar in daardie tyd ook huurverhogings van tyd tot tyd? -- Nee.

Was daar geen jaarlikse verhogings van huur nie? -- Dit was nie kort-kort gewees nie. Daar was ŉ verhoging, maar nie kort-kort nie. As ek reg onthou, in ŉ sekere jaar was die verhoging omtrent 65c.

En in daardie tyd was daar enige projekte uitgevoer in die woongebied? Is die strate verbeter en beligting aangebring? -- Ja, daar was ligte gewees in daardie tyd. Dit was nie die hoë masligte nie. Die strate se toestand was ook nie sleg nie, want die strate was geskraap gewees. Al was die ligte nie by elke gedeelte van die lokasie nie, kon ŉ mens darem sien dat daar ŉ vordering was.

Was daar ontspanningsfasiliteite en sportfasiliteite in die woongebied? -- Voor die tyd was daar nie, maar van die Administrasieraad oorgeneem het, was daar toe ŉ vordering gewees in daardie omgewing ook, want daar was van dit wat gebou was met die aanpakking van projekte.

En nadat die Administrasieraad oorgeneem het, was daar toe huurverhogings jaarliks? -- As ek reg onthou, daar is jare waar daar geen huurverhogings was hoegenaamd nie. Dit wil sê in die jaar.

Toe die Gemeenskapsraadstelsel ingestel is in 1977, wat was u persepsie daarvan? -- Wat bedoel u met die persepsie?

Wat het u gedink, hoe sou die raadstelsel funksioneer? -- Toe die raadslede in werking gestel was, het ek nie geweet hoe hulle werk nie. Ek het geen verduideliking gehad hoegenaamd van enige persoon wat miskien vir my gesê het hoe die raadslede gaan werk nie.

Het/...

Het u probeer om uit te vind hoe dit sou werk? -- Ja, ek het op my eie probeer vasstel hoe dit gaan werk deur te probeer verneem van sekere persone wie ek in gedagte gehad het miskien op hoogte sou gewees het met die bewerkstelling van die raadslede, maar die persone het ook hoegenaamd geen inligting gehad om my te kan gee van hoe die raadslede gaan werk nie. Eintlik sal ek vir u sê dit was die meerderheid van die mense van wie ek probeer het om te verneem.

Het u nie na die administrasieraad gegaan en daar probeer uitvind nie? -- Nee, ek het nie.

Waarom nie? -- Dit is omdat ek aanvaar het dat die eerste mense om te weet presies hoe die raadslede sal werk, is die gemeenskap in daardie omgewing. Dit is die rede hoekom ek by hulle verneem het.

Van daardie tyd af, van 1978 af toe die raadstelsel in werking gekom het tot die vergadering wat u bygewoon het in 1982 het u nie uitgevind nie en u het ook nie geweet hoe werk die raadstelsel nie? -- Die bietjie inligting wat ek ingesamel het deur te verneem, was dat hulle, die raadslede, die persone is wat die woonbuurt se doen en late sal bestuur. Byvoorbeeld die bevordering van die toestande in die lokasie en die beheer oor huise.

Was u tevrede met hulle bestuur daarvan in daardie tydperk 1978 tot 1982? -- In die tydperk wat hulle in beheer was van die bestuur daar was toe ek besef het dat huurgelde kort-kort verhoog word. Ek het toe agtergekom dat die verhoging van huurgelde pas nie by hierdie verbeterings wat gedoen word nie. Nog 'n ding wat ek agtergekom het was dat sekere dinge wat die Administrasieraad herstel het sonder dat ons ekstra daarvoor moes betaal het, moes ons voor

betaal/...

betaal het by hierdie gemeenskapsraadsmense om dit te laat herstel. Alternatiewelik dan sou ŉ mens iemand privaat moes gaan kry het om die herstelwerk te doen, vir wie jy nog uit jou sak sal moet betaal.

Het u dit persoonlik ondervind? -- Ja, dit is so. In my getuienis-in-hoof het ek vroeër gesê dat ek in ŉ huis ingetrek het in die jaar 1978. Met my intrek daar, was die sinkplate van die dak van die huis nie in ŉ regte toestand nie, as gevolg waarvan ek dit toe gaan aanmeld het op verskeie geleenthede en daar was niks aan daardie sinkplaat gedoen nie, tot op ŉ later stadium waar ek toe besluit het om dit self te laat herstel of te herstel. Ek het self die binnedeure van die huis op my onkoste laat aansit, omdat toe ek daar ingetrek het, die huis geen binnedeure gehad het nie. Dit wil sê dit is die deure na die verskillende vertrekke van die huis.

Wat was fout met die huis se dak? Wat presies was fout?

HOF : Mnr. Hanekom, gaan ons nou elke skroef en balk op daardie dak behandel? Hy sê die dak het gelek, die sinkplaat het nie mooi gedek nie. Jy kan hom vra hoe lank hy gevat het om dit reg te maak.

MNR. HANEKOM : Wat het dit jou gekos om daardie dak reg te maak? -- Ek skat dat ek ongeveer R6,00 spandeer het om dit reg te maak.

By die vergadering van 10 Februarie 1982 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoe lank het jy met die lekkende dak gesit? -- Een en ŉ half jaar.

MNR. HANEKOM : By die vergadering van Januarie 1982, het

die/...

die raadslid Mofokeng verduidelik waarvoor die R10,00 verhoging nodig sou wees? -- Ja, hy het gesê hoekom die huurgeld verhoog moet word.

Wat was sy verduideliking? -- Sy verduideliking was dat die huurgelde word verhoog sodat die strate se toestande verbeter kan word in die lokasie en hy het melding gemaak van elektriese krag en water. Hy het melding gemaak van ander dinge waarvan daar reeds melding gemaak was in elke vorige jare dat dit aangepak sou word en dit was nooit gedoen nie.

Het u vantevore vergaderings bygewoon waar huurverhogings bespreek was voor daardie vergadering? -- Ja, ek het.

Wanneer was dit? -- As ek reg onthou in die jaar 1979, maar watter maand kan ek nie nou meer onthou nie, het ek 'n vergadering bygewoon.

Was u tevrede met die raadslid se verduideliking? -- Ek wil dit so aan u duidelik stel dat met die begin van die raadslede se bestuur, dit wil sê in 1978 en 1979 het ek aanvaar dat die raadslede eintlik die regte bestuur sal behou, maar later van tyd met die jare wat verby is, het ek agtergekom dat dit nie eintlik so was nie.

Het u dit aan raadslid Mofokeng gestel? -- Ek persoonlik nie, omdat ek nie kans gekry het deur die dag om dit onder sy aandag te bring nie. Die raadslede maak in hulle vergaderings hulle eie keuse met wie hulle wil praat.

Het enigiemand anders op die vergadering Mofokeng daarmee gekonfronteer? -- Daar was 'n ander wat hom daarmee gekonfronteer het. Byvoorbeeld, ek het melding gemaak van 'n persoon wat gesê het dat die raadslede praat nooit eers met die gemeenskap voordat hulle die huurgelde verhoog nie.

Maar/...

Maar dit is nie 'n antwoord op die vraag nie. Die vraag is nie of hy gekonfronteer was daarmee dat hy nie die mense vantevore ingelig het nie. Die vraag is, het julle hom op die vergadering gekonfronteer dat die verbeterings nie goed genoeg is in verhouding met die huurgeld nie? -- Ja, hy was daarmee gekonfronteer.

En wat was sy antwoord daarop? -- In antwoord op dit het hy gesê die geld word verhoog met die oog om hierdie dinge, verwysende na hierdie dinge wat hy alreeds genoem het, te verbeter.

Het enigiemand vir hom gesê maar die verhoging regverdig dit nie? Die verhoging is te groot vir die verbeterings wat aangebring word? -- Ja, baie mense het so gesê.

En het hy hulle daarop geantwoord? -- Ja, hy het gesê dit sal tot gekry word.

Was jy self ook ontevrede dat die huur verhoog is sonder dat mense eers geraadpleeg is? -- Ja, dit is korrek.

Onder die vorige bestel, onder die Administrasieraad is die mense toe elke keer voor 'n verhoging eers geraadpleeg? -- Op dit was ons gewoond destyds was die Blankes in beheer van alles en dit was alreeds 'n gewoonte wat ons begin aanvaar het dat hierdie Blankes doen dinge sonder om ons te raadpleeg, al is ons tevrede of nie. Hulle neem die besluite vir ons. Die verskil tussen hulle en die raadslede is, dit word beweer dat die raadslede deur ons gekies was om ons te dien en ons dinge te kom bestuur. Ons is tevrede met hulle. Hier kom hulle nou dinge doen sonder om ons te raadpleeg. Dit was die gevoel.

Was julle gevoel nie dat die raadslede maar in alle geval net rubberstempels was van die Blankes nog steeds

wat/...

wat in beheer was van die gebied? -- Dit is presies so, net soos u dit gestel het. Dit is die gevoel tussen die mense.

Met ander woorde dan was u griewe nog steeds nou teen die Blankes gerig, want dit is hulle wat die huurverhogings aankondig? Dit is hulle wat daaroor besluit, nie die raadslede nie? -- Nee, dit is nie so nie. Die raadslede het self na die mense toe gekom en gesê hulle neem besluite oor die huurgelde. Met die gevolg het hulle hulleself in hierdie ding verbind dat hulle die persone is wat verantwoordelik is.

U het getuig dat Mofokeng vir die vergadering gesê het hy self was nie ten gunste van die huurverhoging nie. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Het hy gesê hoekom hy nie ten gunste daarvan was nie? -- Ja, hy het. Hy het gesê hy kan sien dat dit nie nodig was om hierdie huurgelde te verhoog nie, om die volgende redes. Die meerderheid van mense is werkloos en die meerderheid van die gemeenskap sukkel. Sy gevoel was dat dit nie nodig was vir verhoging van die huurgeld nie.

Was dit sy enigste rede? -- Ja, as ek reg onthou.

Het hy nie gepraat van die lewenskoste wat so drasties geëskaleer het in daardie tyd nie? -- Hy het daarvan melding gemaak.

Het hy ook gemeld dat die meeste inwoners se salarisse baie laag was? -- Dit is reg, hy het daarvan gepraat.

Het u hom geglo toe hy sê hy was nie ten gunste van die huurverhoging nie? -- Ek het hom nie geglo nie en ek sal vir u sê hoekom nie. Hy het nie eers vir ons, die gemeenskap, kom sê dat "Mense, hier is ŉ poging om die huurgelde te verhoog" nie en dit is my gevoel om hierdie redes alvorens hy terugkom en vir ons sê dat die gelde verhoog is.

Dink/...

Dink u dit is ŉ geldige rede om hom nie te glo nie? -- Ja, dit is ŉ geldige rede om hom nie te glo nie.

Het jy gedink dit is moontlik dat daar sekere raadslede in die raadsvergadering gekant kon wees teen die huurverhogings? -- Nee, ek het nie daaraan gedink nie.

Het u geglo dit is moontlik? -- Nee, nooit.

Waarom sou dit nie moontlik wees nie? -- Dit is omdat selfs die ander mense wat in die ander wyke woon, dit is die wyke van die ander raadslede, ook dieselfde gevoel gehad het oor hierdie raadslede wat nie die gemeenskap eers kom raadpleeg oor die verhoging van huurgelde nie, maar net terugkom om vir hulle te sê dat die huurgelde alreeds verhoog is.

Het jy daaraan gedink dat die Raad se uitgawes ook moes verhoog soos die lewenskoste verhoog? -- Ja, ek het al daaraan gedink.

Was die verhogings dan nie om daardie rede geregverdig nie? -- Nee, die manier waarop hierdie huurgelde verhoog was, glo ek nie dit was regverdig nie.

HOF : Die manier of die bedrag? -- Die manier, ek bedoel die bedrag waarmee hulle die huurgelde verhoog het, was nie geregverdig nie.

MNR. HANEKOM : Wat se projekte was daardie tyd onder bespreking? Watter projekte wou die raad uitvoer?

HOF : Dit is nou die Gemeenskapsraad in 1982?

MNR. HANEKOM : Op hierdie vergadering - ek sal die vraag anders stel. Het Mofokeng uitgebrei op wat die raad beoog het van 1982 af aan in die onmiddellike toekoms, watter projekte hulle wil aanpak? -- Hy het gepraat van die elektrisiteit, die verbetering van strate en die teer daarvan,

die/...

die verwydering van asblikke of as en dit waarvan hy melding gemaak het, word van melding gemaak elke keer as hulle praat van huurgeldverhoging. Dan gee hulle dit as rede hoekom die verhoging gedoen moet word.

Was daar enige van daardie projekte wat in die proses was om uitgevoer te word? -- Daar is van hierdie werk wat alreeds gedoen was destyds. Dit wil sê dit was aangepak by verskillende gedeeltes van gebiede.

Waarom was u dan ontevrede? -- Ons as die huurgeldbetalers, die inwoners daar, is in staat om 'n raamwerk uit te werk van dinge wat gedoen moet word om dit te sien en dit te vergelyk met die werk wat aangepak word, of dit nou die verhoging regverdig, al dan nie.

Het jy self so 'n berekening gemaak? -- Ek het.

Vertel vir die Hof, hoe het jy dit gedoen? -- Byvoorbeeld eerstens word daar beweer dat die strate geteer gaan word as die gelde verhoog word. Die volgende ding is, die strate word nie geteer nie, maar word net geskraap in plaas van geteer. Die strate wat geteer was in Sebokeng sedert die begin van hierdie woonbuurt kan ek sommer tel.

Dit antwoord nie die vraag nie. U het gesê u het 'n berekening gemaak van wat die projekte kos en hoe die huurverhogings daarvoor kan vergoed? -- My beraming en berekening daarvan is ooglopend. Dit is nie dat ek sommetjies uitgewerk het nie. Ek kyk net na die dinge en dink aan die bewerings wat die mense genoem het wat gedoen gaan word en dan sien ek dit word nie gedoen nie. Dit is wat ek bedoel.

Wou u graag - wou u self graag hê die straat voor u huis moes geteer word? -- Ja, dit is presies wat ek soek.

Was u bereid om daarvoor te betaal? -- Ja, indien

ek/...

ek die geld moet betaal, moet ek sien dat dit gedoen word.

Nou verstaan ek nie u getuienis nie. U het getuig van die projekte was in die proses om uitgevoer te word? Dit kon mos nie alles gelyktydig gedoen word nie? -- Dit is heeltemal reg. Die projekte kan nie sommer gelyktydig aangepak word nie, maar ek was in staat om dit te sien dat hierdie projek waarvan reeds melding gemaak was, behoort nou klaar voltooi te gewees het om hierdie ander een aan te pak. Ek is nie die enigste persoon wat dit so gesien het nie. Selfs die ander inwoners van die woonbuurt was ook daarvan bewus.

Het u daaraan gedink dat terwyl 'n sekere projek aan die gang is, daardie projek se koste ook opskuif soos die lewenskoste opskuif? -- Dit is heeltemal reg. Ek is daarvan op hoogte, maar as sulke verhogings aangepak word, moet dit ons ook tevrede stel dat ons kan sien dat dit eintlik geregverdig was om hierdie verhoging in te bring. Daarby bedoel

K525 ek, hulle moet nie hulle kant se lewensonkostesverhogings dek en vergeet van ons hierdie kant nie, dat ons nie gedek moet word nie.

Kan u net meer verduidelik? Wat presies bedoel u? -- Wat ek daarby bedoel is, die mense moet nie uit die oog verloor dat die lewensonkoste wat hulle raak deur verhoog te word terwyl hulle die projek aanpak, moet net vorder in die sin dat ons daarvoor moet betaal nie, dit wil sê hulle is gedek om met daardie ding aan te gaan en hulle vergeet van ons hierdie kant, dat ons ook verwag om te sien of die werk nou regtig vorder as gevolg van die geld wat ons meer aan hulle kant betaal het.

Watter van die projekte het u nie tevrede gestel nie?

Die/...

-- Die elektrisiteit waarvan hulle elke jaar praat. Byvoorbeeld as ek van elektrisiteit praat, hulle sal by drie strate se huise elektrisiteit aanlê en dan sal hulle omtrent sewentien strate oorslaan en by die agtiende straat dit begin aanlê. Dan weer veertig strate oorslaan en dan by die straat na veertig begin en dit aanlê. Dan daarna gaan hulle hierdie zone verlaat en hulle gaan na 'n ander zone toe weer, waar hulle net 'n paar huise daar gaan doen.

Was u ontevredenheid dus eintlik oor die metode wat hulle gevolg het om die projekte uit te voer? -- Nee, selfs die geld wat ons betaal het.

Toe die huurverhoging van R10,00 aangekondig was in 1982, was u bereid om daardie jaar enige verhoging te betaal of wou u niks betaal nie? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, ons was nie daarteen dat die huurgelde verhoog moet word nie. Ons wou gesien het presies wat gebeur, wat word gedoen met die geld wat inbetaal word as verhoogde huurgelde.

Was u tevrede met die bedrag van R10,00 wat verhoog is? -- Die R10,00 verhoging wat my betref was hoog gewees.

Te hoog of hoog? -- Te hoog. Selfs die verduideliking van die redes hoekom dit so verhoog moes word met daardie bedrag van R10,00, die verduideliking self was nie vir my 'n goeie rede gewees nie.

Hoeveel was jy bereid om meer huur te betaal op daardie stadium? -- Bedoel u die verhoging op die huidige huur?

Ja, die verhoging in 1982 toe die R10,00 aangekondig is, wat was u bereid om te betaal? -- Nee, ek sal nie nou in staat kan wees om vir u te sê nie, want ek sal vir u sê, destyds toe daar melding gemaak was van hierdie verhoogde huurgelde van R10,00 het ek alreeds gevoel dat die huurgeld

wat/...

wat ek betaal alreeds te hoog is.

HOF : So, u was nie bereid om ŉ verhoging te betaal nie? -- Nee, wat ek bedoel is, destyds het ek nog nie verwag dat daar soveel verhoging gaan wees op huurgelde nie.

MNR. HANEKOM : Sou u tevrede gewees het as mnr. Mofokeng op daardie vergadering aangekondig het dat hulle al die projekte in die gebied gaan staak en dan die huurgeld gaan hou waar dit was of selfs minder maak? -- Indien dit van hom af gekom het dat hy gesê het "Mense, ek gaan die projekte staak" en hy gee sy redes hoekom hy dit staak en sê hy gaan nie verder die projekte uitvoer nie, sou ons dit maar so aanvaar het soos hy dit vir ons gestel het.

Die vraag was, sou u tevrede wees daarmee? -- Herhaal die vraag? Wat was die vraag gewees?

HOF : Die vraag is Mofokeng sou vir julle gesê het op die vergadering julle is nie lus om meer te betaal nie, ons staak nou al die projekte. Sou u daarmee tevrede gewees het? -- Nee, ons sou nie tevrede gewees het nie. Ons sou die ding met hom breedvoerig bespreek het om nou ŉ keuse te maak watter van die projekte moet voorkeur kry en hoe ons dit gaan bewerk om dit betaal te kry sodat die projekte kan aangaan.

Was dit dan deur u aanvaar dat as daar projekte moet wees dan moet daar geld voor wees en as daar geld voor moet wees dan moet daar ŉ verhoging van die huurgeld wees? -- Ja, dit het ek aanvaar. Al waarmee ek nie saamgestem het nie was daar is kort-kort ŉ verhoging, dit word beweer dat dit aangepak gaan word en dit word nie uitgevoer op die manier wat dit aan ons voorgestel was nie.

MNR. HANEKOM : In u hoofgetuienis het u getuig dat u die

keuse gehad het wat ek nou net aan u gestel het om die projekte te staak en die huur te verminder. Dan sou u verkies het dat die projekte staak en die huur maar minder word. Ek verwys na volume 169 op bladsy 8 729. -- Kan u dit aan my lees? Miskien sal ek onthou.

Mnr. Bizos het aan u gevra "If you had to choose, whatever it may have been at the time - if you had to choose between restricting further facilities and paying the same or a lesser rent, which would you have chosen?" en jou antwoord was "I would rather choose that the rent decreases." -- Wat ek daarby bedoel is, as daar ŉ projek is en die projek soek geld en die geld wat daar is, is genoeg vir die projek, dan is dit reg, maar as die projek nou meer geld gaan soek van die mense en geld wat die mense nie kan bekostig nie, dan moet daardie projek wag of dit moet met die mense bespreek word of die mense dit kan bekostig om die huurgelde laer te hou.

Stem u saam met my dat u getuienis-in-hoof ŉ bietjie anders was as wat u nou getuig het? Eintlik net die teenoorgestelde.

MR BIZOS : My Lord, Your Lordship asked a question. I do not mind saying that it is slightly different but as far as a contradiction is concerned, I submit that the witness has been substantially consistent with himself. What is put to the witness by My Learned Friend was not restricting further facilities but abandoning further facilities. His answer to me was in relation to the restriction of further facilities and his answer was amplified by what Your Lordship had to say.

HOF : Lees die presiese sin vir hom voor en vra hom wat

hy/...

hy nou sê.

MNR. HANEKOM : Die vraag deur mnr. Bizos was "If you had to choose, whatever it may have been at the time - if you had to choose between restricting further facilities and paying the same or a lesser rent, which would you have chosen?" Hoe sou u die vraag nou antwoord? -- My antwoord op die vraag is, dit is regtig waar, ons soek die projekte, maar as daar projekte aangepak word moet daar nie besluite geneem word van die projekte wat baie geld nodig moet kry sonder om ons as die gemeenskap te raadpleeg nie. Daarby bedoel ek dat hulle moet van ons verneem nadat ons met hulle gepraat het as ŉ gemeenskap of ons in staat gaan wees om die verhoogde gelde te bekostig om daardie projekte aan te pak.

Nou stel ek die vraag aan u. As u die keuse het dat projekte beperk kan word en dan ŉ laer huur betaal, wat sal u kies? -- Ek sê die projekte behoort daar te wees maar dit moet die projekte wees wat eintlik gepas sal wees vir die huidige huurgelde wat betaal word.

HOF : Maar as dit nou so is dat die huidige huurgeld die huidige projekte dek, beteken dit dan nie dat verdere projekte uit verhogings gefinansier kan word nie? -- Wat ons verlang het was dat ons in kennis gestel moet word van ŉ projek alvorens daar ŉ besluit geneem word watter projek begin gaan word en hoeveel dit gaan kos, sodat ons kan weet om ook vir hulle te kan sê, die raadsmense en raad te gee aan hulle met betrekking tot daardie projek, hoeveel ons, die inwoners wat betaal vir daardie projek in staat sal wees om te betaal vir die betrokke projek wat hulle wil begin.

MNR. HANEKOM : Dan is ons terug daarby dat eintlik was

u/...

u beswaar gewees dat die raadslede julle nie geken het voor verhogings nie? -- Die twee dinge loop saam. U kan hulle nie apart behandel nie. Eerstens, die mense het die geld verhoog om 'n projek te doen sonder om ons te raadpleeg. Tweedens, hulle het ons geraadpleeg daaroor of ons dit sal kan bekostig om daardie projek aan te pak nie.

Het u aanvaar dat die raadslede in hulle raadsvergaderings hierdie aspekte behandel het en besluit het in die ekonomiese omstandighede wat 'n billike huur kan wees en wat hulle met die verhoging kan aanpak of het u hulle glad nie vertrou daarmee nie? -- Ons weet daarvan dat hulle dit bespreek het, dit wil sê die ekonomie bespreek het alvorens hulle besluit het.

Het jy hulle vertrou daarmee? -- Ons was daarvan bewus dat hulle die ding kan bespreek tussen hulle self, maar as dit nou na ons toe moet kom of ons dit kan bekostig om daarvoor te betaal, het hulle dit nie met ons bespreek nie.

HOF : Maar die vraag is, het julle hulle vertrou daarmee? -- Die antwoord is ek is daarvan bewus dat hulle na die ekonomie gekyk het alvorens hulle iets besluit het, maar wat ons kant betref, het hulle dit nie goed ondersoek of daaraan gedink om ons posisie te oorweeg of ons in staat gaan wees om dit te kan betaal al dan nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal vir die laaste keer die vraag stel. Het jy die raadslede daarmee vertrou, met hulle berekenings of nie? -- Dit is reeds my antwoord op die vraag dat ek aanvaar dat hulle die ding bereken het, die ekonomie bereken het daar toe hulle alleen gesit het in die vergadering, maar wat ek nie mee saamstem nie, is hulle het dit bereken en sonder om my in oorweging te neem, of ek in staat

gaan/...

gaan wees om daarvoor te betaal. Dit is die geskilpunt.

Het jy probeer om enige raadsvergadering by te woon? -- Ek was nog nie by die raadsvergadering gewees nie, want ek werk. Ek het nie tyd om daarheen te gaan nie.

Het jy dit na werk met die raadslid van jou wyk gaan bespreek? -- Nee, ek was nog nie by hom gewees nie, maar wat ek vir die Hof kan sê is dit. Hy het al ŉ vergadering gehou waar hy gevra was om te verduidelik wat die inflasie is. Hy kon nie daarin slaag om inflasie te verduidelik nie.

HOF : Hy kon nie inflasie verduidelik nie? -- Hy kon dit nie verduidelik nie.

Baie geleerde here kan dit ook nie doen nie, asook ekonome. -- Ja, dit is juis die punt. Die mense daar in die lokasie dink nie daaraan nie. Hulle dink nie so nie.

GETUIE STAAN AF.U

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, ten tye van daardie vergadering in 1982 het die inwoners, die gemeenskap op daardie stadium al sekere eise gestel vir projekte wat hulle uitgevoer wou hê aan die raadslede. Is dit reg? -- In die eerste plek wat ek sal sê is dit. Dit is nie vir die gemeenskap om te sê watter projekte uitgevoer moet word nie. Byvoorbeeld, die elektrisiteit, water en verwydering van vullis is nie ŉ ding wat ŉ mens ŉ projek kan noem nie, want dit is benodigdhede in die gemeenskap waar die gemeenskap woon.

HOF : Die vraag is of daar in 1982 by die vergadering eise gestel is deur die inwoners vir projekte? -- Sedert die begin van daardie woonbuurt het die gemeenskap hulle eise

maar/...

maar gestel en gesê wat hulle alles nodig het. Soos ek alreeds genoem het, die elektrisiteit, verwydering van vullis, water, die toestande van die strate wat moet aandag geniet ensovoorts. Al wat gebeur het is dat die raadslede het net vergaderings gehou in hierdie tyd om net mense te sê wat die verhogings is van die huurgeld.

MNR. HANEKOM : Het jy self ook eise gestel? -- Ja, ek het.

Watter eise het jy gestel? -- Dat daar voorsiening gemaak moet word vir die kinders se speelterreine en dan die swembaddens vir die kinders.

Moes swembaddens gebou word? -- Ja.

Wat nog? -- Dit is wat ek onthou waarvan ek melding gemaak het by 'n vergadering wat ek bygewoon het.

HOF : By 'n vergadering wat nie die vergadering van Januarie 1982 is nie? -- Nee, nie by hierdie een nie.

MNR. HANEKOM : Die eise wat u gestel het was almal vir nuwe projekte? -- Ja, dit is wat ek besef het is nodig vir die gemeenskap.

Watter jaar was dit? Wanneer het u die eise gestel? -- In die jaar 1979.

Was u bereid om meer huurgeld te betaal om die projekte daar te stel? -- Ek was bereid om genoegsame huurgelde te betaal wat dan genoeg sal wees vir hierdie projekte as dit aangepak word.

HOF : Beteken dit dat u meer huurgeld sou wou betaal? -- Ja, ek was bereid dat die huurgelde verhoog moet word, maar dit moet genoeg wees vir hierdie eise wat ek alreeds genoem het. Ek moet sien dat daar 'n vordering was ten opsigte van my eise.

MNR. HANEKOM : By die vergadering waar u die eise gestel

het/...

het, het ander inwoners ook ander eise gestel? -- Ja, dit is so.

Nuwe eise vir nuwe projekte? -- Van hulle het gepraat van nuwe projekte. Daar is van hulle wat gepraat het van projekte waarvan alreeds gemaak was, wat eintlik bevraagteken was, byvoorbeeld die elektrisiteit.

Wat was die ander nuwe eise wat u kan onthou? -- Daar is baie van hulle. Ek sal nie in staat wees om elkeen van hulle te noem nie.

Kan u enige van hulle noem? -- Ja.

Noem hulle? -- Die strate wat verbeter moes word deur geteer te word, dat die huise met elektrisiteit aangelê moes word, selfs die strate. Hulle wou ook gehad het dat daar swembaddens moes wees en plekke wat ŉ mens kan noem "recreation centres" om gebruik gemaak te word deur die mense om te speel en vir sport. Asook ŉ crèche. Daar is heelwat van hulle. Soos ek alreeds gesê het, hulle is baie, ek kan nie almal van hulle noem nie.

Was jy bereid om meer huur te betaal net vir die projekte wat jy wou hê of ook vir die ander projekte wat die ander mense geëis het? -- Ek was bereid om meer huur te betaal vir die aanpakking van al hierdie projekte, maar daar moes besprekings uitgevoer word watter is belangrike projekte wat voorkeur moet kry en hoe lank daardie projekte sou duur om voltooi te word. Met ander woorde, ons moet die beplanning daarvan bespreek. Wat is belangrik wat eerste aangepak moet word en wat kom na wat en hoe lank sal dit duur. Hoeveel sal ons kan bekostig om te betaal vir hierdie projekte om aangepak te word.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wie moet dit bespreek? U praat

van/...

van "ons"? -- Met "ons" bedoel ek die raad en die gemeenskap moet samesprekings uitvoer.

Ja, die gemeenskap waarvan u praat, praat u van die gemeenskap in die hele Vaal kompleks? -- Ja, die gemeenskap wat in hierdie jurisdiksie van hierdie raad woon.

HOF : Maar hoe gaan dit nou werk? Een wil graag 'n swembad hê, maar nommer twee wil hoë straatbeligting hê. Hoe besluit die gemeenskap daaroor? -- Presies. Dit is juis wat ek bedoel het, want as die raad 'n kans gemaak het om saam met ons samesprekings te voer, is dit dinge wat ons daar sou uitgestryk het, watter moet voorkeur kry.

MNR. HANEKOM : Was die doel van die raadstelsel dan nie juis dit dat daar vir die verskillende gebiede raadslede verkies word wat dan daardie mense se belange moet verteenwoordig by die raad nie? -- Dit is korrek. Elke wyk het 'n raadslid aan wie die mense se griewe oorgedra moet word.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die raad kan tog nie met al 300,000 mense praat nie? -- Dit is so.

Daar moet tog 'n stelsel van verteenwoordiging wees? -- Dit is juis om daardie rede dat die Vaal Civic Association bestaan het.

So, wanneer u sê dat die raad moes met u praat, wou u gehad het die raad moes met die Vaal Civic Association praat of is dit verkeerd? -- Eintlik wat ek bedoel is dat die Vaal Civic Association moes namens die inwoners daar gaan praat het. Selfs in die vergaderings wat hulle self geroep het, dit is die raadslede, daar was genoegsame tyd om van die gemeenskap wat daar teenwoordig was te kon hoor wat hulle persepsie en houding was oor sekere dinge.

MNR. HANEKOM : Was daar in u wyk 'n raadslid op die raad

gewees/...

gewees? -- Ja, daar was.

Wie was dit in 1982? -- Edwin Mofokeng.

Het u gestem in daardie verkiesing? -- In die jaar 1983 toe hulle daar verkiesings gehou het, was ek nie daar gewees nie.

HOF : Was u nie in die Vaal nie? -- Ek het nie deelgeneem aan die verkiesings nie.

Met ander woorde, u was in die Vaal, maar u het nie gaan stem nie? -- Dit is so.

MNR. HANEKOM : Waarom nie? -- Dit is omdat ek nie meer hoop gehad het vir hierdie raadslede nie, as gevolg van die feit dat die vorige raadslede wat voor hierdie verkiesings in die raad was, niks uitgevoer het wat ŉ mens kon beskou het as vordering nie.

Was dit net jou gevoel daar in die wyk waar jy gebly het of was dit ook die gevoel van die ander mense? -- Dit was my gevoel sowel as die meerderheid van die gemeenskap daar.

Hoekom het u en die meerderheid van die gemeenskap nie ŉ kandidaat gestel wat julle sou tevrede stel? -- Die mense wat deelgeneem het daar om te gaan stem vir iemand, het vir persone gestem wie hulle self goed vertrou het. Hulle het vertroue in daardie mense gehad.

HOF : Waarom het u en mense wat soos u gevoel het nie kandidate gestel van u eie keuse nie? -- Ek sê, daar was baie mense in die gemeenskap wat dieselfde gevoel gehad het as ek, maar nogtans het hulle deelgeneem aan die verkiesings en die stem vir ander persone, wie hulle gedink het sal beter doen as sekere ander mense, maar later het hulle gevind dat daardie persone ook niks beter kon doen as die ander persone met wie hulle vergelyk was alvorens hulle gekies was deur die

mense/...

mense nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal nog een maal die vraag herhaal. Waarom het julle nie kandidate gestel van julle keuse nie? -- Ek sal ook teruggaan na my antwoord toe. Daar was mense gewees met my gevoel wat deel geneem het aan hierdie verkiesings deur te gaan stem vir 'n sekere persoon wie hulle gedink het is beter as die ander en hulle het toe daardie persoon. Na daardie persoon gekies was, het hulle toe later uitgevind dat daardie persoon niks beter was nie. Eintlik het hy self hulle ge"drop".

Maar verstaan ek u reg, dit het u eers later uitgevind. Waarom het u nie, toe die mense van julle keuse daar was, gestem nie? -- Nou verstaan ek nie die vraag nie.

U sê u het eers later uitgevind dat die mense wat gekies is julle ge"drop" het soos jy dit stel? -- Ek het vroeër in my getuienis gesê toe hierdie raadslede vir die eerste keer in werking gestel was, was ek glad nie teen hulle gewees nie, al het ek nie geweet hoe hulle gaan werk nie. Selfs in daardie tyd het ek geensins deelgeneem om te stem nie. Sedert die tyd van hulle verkiesing in die jaar 1979 tot die jaar 1983, het ek gevind dat daar in die lokasie geen vordering hoegenaamd was wat ons tevrede stel nie. In die jaar 1983 met die verkiesing van die nuwe raad, het ek gevind dat die mense wat nou gekies word wat beweer meer seggenskap gaan hê as wat die vorige raad gehad het, dat dit presies dieselfde persone is wat weer gekies is in die kantoor. Om daardie rede dan was daar geen rede of goeie rede vir my om deel te neem dat ek moet gaan stem nie.

Laat ons dit dan net duidelik kry. Met die 1983 verkiesings was u en baie ander mense reeds onder die indruk

dat/...

dat die raadslede julle teleur gestel het? -- Ja.

Dan was daar mos juis meer rede vir julle om die kandidate van julle keuse te stel in daardie verkiesing?

MR BIZOS : Perhaps, My Lord, the witness is entitled to know who the you My Learned Friend is referring to refers to, as he had been asked whether he had formed a political party or whether he had done anything like that. Who is the you he is referring to?

MNR. HANEKOM : Jy het gesê jy en die meerderheid mense in jou wyk het so gevoel. Ek praat van julle, die meerderheid wat so gevoel het. Wat is die antwoord op die vraag? Waarom het julle nie kandidate van julle keuse toe gestel nie? -- Dit is omdat ons eintlik geen organisasie was met die mense daar wat gestem het nie. Die mense wat deelgeneem het aan hierdie verkiesings deur te gaan stem, het gestem vir die raadslede.

Ek wil net terugkom op ŉ vroeëre antwoord van u, toe u gesê het u wou hê die VCA moes namens julle met die raadslede onderhandel. Watter sin is daar in om verteenwoordigers te kies op die VCA wat weer met ander verteenwoordigers naamlik die raadslede moet gaan onderhandel. Hoe maak dit sin? -- As wat gebeur?

U wou hê ŉ verteenwoordiger van u op die VCA moet met die raadslede wat julle ook verteenwoordig gaan onderhandel. Met ander woorde, een verteenwoordiger moet met ŉ ander verteenwoordiger gaan onderhandel? -- Die VCA was gesig in daardie omgewing omdat daar probleme was tussen die gemeenskap. Die probleme het geen aandag geniet nie, want die raad kon nie daardie probleme van die gemeenskap oplos nie. Met die gevolg dat daar toe besluit was op die stigting van die

VCA/...

VCA as die verteenwoordiger van die gemeenskap aan die raad.

Goed, ons laat dit maar daar. U het vroeër gesê u het nie kandidate gestel nie omdat julle nie georganiseerd was nie. Daar was nie organisasies nie. Na 1983, na die stigting van VCA toe julle julle eie organisasie gehad het, waarom het VCA nie toe kandidate van julle keuse gestel in die verkiesings nie? -- In daardie tyd, dit was na die mense alreeds ge"canvass" het en die verkiesings se tyd, se datum nie meer ver was nie en derdens, ons het alreeds besef dat die raad het eintlik nie genoeg seggenskap nie, in die sin dat die raad het nie eie besluite gehad nie. Ek het nie bedoel dat die raadslede het nie genoeg seggenskap nie, maar wat ek eintlik wou gesê het is dat die raad sal nie die enigste liggaam wees wat eie besluite neem nie.

Met ander woorde, verstaan ek u reg, toe was die beswaar nie meer teen die raadslede wat julle nie tevrede stel nie, toe was die beswaar teen die stelsel, die hele raadstelsel? -- Ons het alreeds besef dat hierdie raad het nie genoeg besluite op hulle eie nie en as dit die geval is dat hulle as 'n liggaam nie hulle eie besluite kan neem nie, kom dit terug op hierdie punt, naamlik dat dit moet gebeur dat ons meer huurgeld betaal.

As u praat van die "ons" wat dit besluit het, verwys u na die VCA? -- As ek praat van"ons" in hierdie geval, praat ek van die meerderheid van die gemeenskap, nie spesifiek van die VCA nie.

Hoe het u geweet dit is die gemeenskap se gevoel? Hoe het u dit geweet? -- Dit het ek vasgestel met die geselskap tussen die gemeenskap.

Waar het jy self die idee gevorm dat die raadslede

nie/...

nie self besluite kan neem nie? Hoe het jy aan daardie kennis gekom? -- Die raad het onder die Administrasieraad gewerk. Selfs die kennisgewings van enige aard waar dit beweer was dat dit van die raad af gekom het, was onderteken deur die hoofde van die Administrasieraad en nie die raad nie.

HOF : Hoeveel van hulle het u gesien? -- Van ek daar begin woon het in Sebokeng, elke kennisgewing wat uitgereik word was onderteken deur ôf mnr. Ganz, dit is die kennisgewing van die verhoging van huurgelde ôf deur die stadsklerk, mnr. Louw.

MNR. HANEKOM : Wanneer het u tot hierdie besluit gekom dat die raadslede nie self kan besluit nie? Wanneer het dit tot u deurgedring? -- Sedert die tyd wat die raadslede begin werk het. Dit is na hulle verkiesing in die jare 70's tot en met die jaar 1984.

Het u geweet hoe die raad en die Administrasieraad saam werk, wat daar gebeur? -- Ek kon nie 'n verskil gesien het tussen die twee nie, want toe die raadslede daar gekies was, was dit gesê dat hulle die persone is wat in die bestuur is van die woonbuurt. Terselfdertyd is die administrasie ook daar betrokke. Dit is juis om daardie rede wat ek vir u sê dat selfs die kennisgewings van die huurgelde wat verhoog word, was onderteken deur mnr. Ganz en/of mnr Louw.

HOF : Maar mnr. Louw is die stadsklerk? -- Ja, selfs in daardie hoedanigheid van hom as stadsklerk.

MNR. HANEKOM : En die stadsklerk is 'n amptenaar van die raad, van die "council"? -- Dit is heeltemal reg, maar dit het nooit onder my aandag gekom van wanneer af mnr. Louw oorgeplaas is of aangestel is op hierdie Administrasieraad

nie/...

nie. Ek het vir die eerste keer dit verneem in hierdie hof dat hy nou onder die raad werk.

HOF : Noem dit maar die Gemeenskapsraad of die Stadsraad. Dit was seker die Gemeenskapsraad op daardie stadium. -- Dit is korrek. Mag ek dit meer verduidelik? Wat ek sê is, mnr. Louw het vir die Administrasieraad gewerk.In daardie tyd wat hy nog vir die Administrasieraad gewerk het, het hy die kennisgewings onderteken. Dit is nou terwyl die Gemeenskapsraad alreeds bestaan het. Dit het beide van hulle gedoen, dit is hy en mnr. Ganz tot en met die jaar 1984. Mnr. Louw het nog steeds geteken. In daardie tyd was dit alreeds die Stadsraad wat beweer word meer magte het. Wat ek dan sê is, die manne het dwarsdeur geteken tot in hierdie jaar en dit was nog nooit vantevore gesê dat hy nou onder die Stadsraad werk as ŉ stadsklerk nie. Ek het dit vir die eerste keer verneem hier in die hof dat hy nou ŉ amptenaar van die Stadsraad is as ŉ stadsklerk.

MNR. HANEKOM : Het onder sy handtekening nie gestaan hy is die stadsklerk nie? -- Wat ons verwag het is dat dit onderteken moet word deur ŉ lid of ŉ persoon in die Stadsraad. Nie ŉ persoon van die Administrasieraad nie.

HOF : U bedoel deur ŉ Stadsraadslid? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Wat het onder mnr. Louw se naam gestaan? Het hy geteken as stadsklerk of as werknemer van die Administrasieraad? -- Daar het gestaan "Town Clerk".

En op die briefhoofde het daar gestaan "Lekoa Stadsraad" of het daar gestaan "Administrasieraad"? -- Administrasieraad. Dit was Administrasieraad gewees tot en met die jaar 1984. Hier en daar in 1984 het jy gevind dat daar briefhoofde met "Lekoa Stadsraad", maar selfs, ek het vandag ŉ

brief/...

brief waarop dit geskryf staan "Administrasieraad."

HOF : Het u hom vandag gekry? -- As ek reg onthou het ek daardie brief verlede week gekry.

Van die Administrasieraad? -- Ja, van die Administrasieraad.

En daar staan bo-op "Administration Board?" -- In Block letters.

Is u seker? -- Ek is seker.

Ek het dit so dat die Administrasieraad lank nie meer bestaan nie. Hy is nou ŉ Development Board en nou is hy ook al afgeskaf? -- U feite is reg. Net voor my arrestasie het ek geweet dat dit verander word na Development Board, maar tot my verbasing kry ek hierdie brief geskryf "Administrasieraad".

Hoe lank was die brief in die pos? -- Dit was nie lank in die pos nie. Dit vat ŉ kwessie van ŉ uur om ŉ brief by my huis te kry.

MNR. HANEKOM : Hoe is die brief onderteken? -- Ek het nie so opgelet wie dit onderteken het nie, maar as dit belangrik is, kan ek gaan kyk en môre vir u sê wie het daar geteken.

Waaroor handel die brief? -- Dit handel oor die balans van die geld wat ek skuld.

HOF : Op die huis? -- Ja.

Aan huurgeld? -- Dit is so.

MNR. HANEKOM : Laat ons net vir ŉ oomblik terugkom na die vergadering van Januarie 1982. Het die vergadering van die begin af kalm verloop? -- Watter vergadering?

Van raadslid Mofokeng in Januarie 1982? -- Ja, toe hierdie vergadering begin het, het die mense hulle self goed gedra, want hulle het eintlik belang gestel om te hoor

wat/...

wat is die nuus wat die man gebring het.

En het die vergadering later verander na ŉ onstuimige een toe? -- Verander na wat? Hoe?

Was hy nie meer kalm nie? -- Die mense het hulle self baie goed gedra die hele tyd, behalwe natuurlik dat hulle nie tevrede was met sy antwoorde met betrekking tot die huurgelde nie en sy gedrag.

Het mense op ŉ stadium vir die raadslid Mofokeng stil geskreeu, dat hy nie kon praat nie?

HOF : Bedoel u, het hulle vir hom geskreeu "Stil" of bedoel u het hulle hom eenvoudig dood geskreeu?

MNR. HANEKOM : Eenvoudig dood geskreeu? -- Die mense het wel daar ŉ geweldige geraas gemaak sodat ons nie kon hoor wat hy sê nie, maar op ŉ stadium het hulle weer kalm geword en hy het toe voortgegaan met sy vergadering, dit wil sê die toespraak.

Wat het gebeur dat die mense so begin skreeu het? -- Hierdie verklaring van sy toespraak het dit veroorsaak. Dat hy gesê het hy het nie daarvan gehou dat die huurgelde verhoog moet word nie, maar weens die stem in die raadsvergadering kon hy niks daaraan doen nie. Toe was daar een persoon in die gehoor wat aan hom gesê het "Jy kan dit nie sê nie, want jy is self in die raad." Wat dan ŉ aanduiding was dat die mense, die gehoor daar, nie geglo het wat hierdie man gesê het nie.

Nadat hierdie man dit gesê het, het al die mense in die vergadering of die meerderheid in die vergadering toe dadelik begin skreeu en raas? -- Ek sal sê die meerderheid van die gehoor, ja.

Was dit vir u ŉ vreemde verskynsel dat die mense so

vinnig/...

vinnig opruiend geraak het of was dit iets wat maar in die vergaderings gebeur het? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het ꞌn vergadering in die jaar 1979 bygewoon. Alhoewel die gehoor nie tevrede was met wat daar gebeur het in daardie vergadering aangaande die huurgelde se verhoging nie, het daardie mense nie hierdie tipe geraas veroorsaak as gevolg daarvan nie.

Was u verbaas dat die mense by hierdie vergadering in 1982 so geraas het? -- Ek was nie verbaas nie, want hierdie man se verduideliking was net nie aanvaarbaar vir hierdie gehoor wat daar was nie.

Het u self ook deelgeneem aan die geraas? -- Ek is nie ꞌn persoon wat eintlik geraas maak nie. Ek neem nie deel daaraan nie. Was ek in staat gewees om dit te kon gedoen het en daarin kon slaag, sou ek dit gedoen het.

Wat het op die vergadering aanleiding daartoe gegee dat die raadslid gesê het hy is ꞌn "tsotsi councillor" wat baklei en die relaas wat u daarvan gegee het? -- Dit was na aanleiding van ꞌn ander opmerking deur ꞌn ander persoon in die gehoor wat gesê het "Daardie praatjie van jou dat jy nie daarvan gehou het dat die huurgelde verhoog moet word nie, sal maak dat ek en jy nie op dieselfde voet kan stap nie. Dit veroorsaak dat daar ꞌn misverstand sal wees tussen my en jou, want jy praat nie die waarheid nie en tweedens voor jy na hierdie vergadering toe gegaan het waar jy beweer dat jy geweier het dat die huurgelde verhoog moet word, het jy nie na ons toe gekom, die gemeenskap en vir ons kom sê dat jy nou na die vergadering toe gaan waar jy nou alles in geskil gaan plaas nie."

Het op daardie stadium net hierdie een persoon van

die/...

die gehoor gepraat? -- Dit is nie net hy alleen wat gepraat het nie. Daar was ander mense ook wat dit gestaaf het.

Het enigiemand vir Mofokeng op daardie stadium gedreig met aanranding? -- Ek het alreeds gesê dat daar 'n persoon was wat gesê het "Hierdie praatjie van jou, want dit is nie die waarheid nie, sal maak dat ek en jy nie goed klaarkom nie."

Het hierdie persoon hom gedreig met aanranding? -- Nee, hy het hom nie met aanranding gedreig nie. Hy het net daardie woorde gebesig.

HOF : Beteken dit, as dit nou vertolk word dat die persoon inderdaad gesê het "Ek sal jou bykom"? -- Nee, ek stem nie saam nie. Laat ek dit verduidelik hoe ek dit verstaan het. Kyk, ek was daar gewees. Die persoon het hom net verwittig "kyk, dit is 'n waarskuwing. As jy aangaan met sulke tipe leuens sal jy probleme optel met die mense" ingesluit hy self, die spreker. Ek het dit nie gevat as 'n dreigement nie.

MNR. HANEKOM : Het enigiemand anders op die vergadering die raadslid gedreig om hom aan te rand? -- Nee, niemand nie.

As enigiemand vir die Hof sou kom sê Mofokeng is gedreig deur 'n klomp van die aanwesiges wat kwaad was, dat hulle hom sal aanrand, is dit nie die waarheid nie? -- Ja, ek sal dit ontken.

Hierdie een persoon wat u van praat wat vir Mofokeng gesê hulle sal nie goed regkom nie, het hy dit alleen gesê? Het hy alleen gepraat op daardie tadium? -- Hy het alleen gepraat.

As enigiemand vir die Hof sou kom sê dit is as gevolg van dreigemente met aanranding dat Mofokeng verwys het na homself as 'n "tsotsi councillor" wat sal baklei met enigiemand

enige/...

enige plek, is dit nie die waarheid nie? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek kan nie daarmee saamstem nie.

Op watter stadium het van die aanwesiges die saal verlaat? -- Nadat hy gesê het hy is ŉ tsotsi van ŉ raadslid, hy kan met ŉ mens baklei enige plek, al is dit waar, het die meerderheid van die mense besluit om die vergadering te verlaat. Ek het toe daar gesien dat die rede eintlik was hoekom die mense die vergadering verlaat is omdat hulle nie tevrede is met dit wat hy sê nie, want hy beskou homself as ŉ leier van die inwoners van die lokasie.

Nadat die klomp mense die saal verlaat het, wat het die
K526 raadslid verder gesê? -- Hy het toe gepraat van die projekte wat eintlik gedoen moet word. Die gehoor daar het nie saamgestem met die verhoging van die geld nie. Dit is hoekom ek sê, toe die mense die plek verlaat het, het hulle gesê hulle sal maar die geld betaal, hulle sal die geld betaal alhoewel hulle nie tevrede is nie. Met ander woorde, wat hulle daarby bedoel het is dat hulle die geld sal betaal onder protes.

Het raadslid Mofokeng na daardie mense uit die saal uit is gesê dat die raad die projekte wat in die vorige jaar voorgestel is nou sal bespoedig? -- Ja, hy het so gesê.

Het hy gesê dat die raad die straatligte in sy wyk sal verbeter? -- Hy het so iets gesê. Dit is maar ŉ ou storie wat mense hoor. Hulle is gewoond om dit te sê.

Het hy gesê dat al die strate in sy wyk geteer sal word en elektrisiteit aan al die huise verstrek sal word? -- Hy het so gesê, maar tot op datum het dit nog nie gebeur nie.

Het hy ook gesê dat al hierdie projekte nie van die grond af kan kom as die inwoners nie bereid is om te betaal

daarvoor/...

daarvoor nie? -- Ja, hy het.

Het hy op die einde enigiets gesê oor die griewe van die mense wat daar teenwoordig was? -- Die mense se griewe het net gegaan oor die verhoogde huurgeld, want daardie verhoogde huurgeld word vergelyk met dit wat gedoen word, die "improvements", wat aangepak word in die lokasie waaroor hulle nie tevrede is nie.

Het hy gesê dat hy iets aan hierdie griewe van die mense sal doen? -- Ja, hy het, maar soos ek alreeds gesê het in 1984 tydens my arrestasie, was die meeste van die goed wat hy van gepraat het nie eers gedoen nie. Van die goed waarvan hy melding gemaak het soos die ligte was in gedeeltes gedoen.

Wat het hy gesê sou hy doen met die mense se griewe? -- Hy het gesê dit sal aandag geniet en dit sal hy maar oorneem na die stadsraad toe.

Het hy gesê wanneer hy dit sal doen? -- Hy het gesê die dag van die Stadsraad se vergadering.

Ek wil dit aan jou stel en vra of jy daarmee saamstem. As 'n mens kyk na die optrede op die vergadering dat die mense, die inwoners baie maklik opgesweep raak wanneer daar van die raadslede se eerlikheid gepraat word? -- Ek stem nie saam nie, want die mense daar in die lokasie sal eers aandagtig luister na wat gesê word en dan wag om te sien wat gebeur in verband met wat gesê was voor hulle kan reageer.

Stem jy saam dat op hierdie betrokke vergadering het dit wel gebeur dat die mense baie gou opgerui geraak het? -- Ek stem nie saam nie. Laat ek aan u verduidelik hoekom. My mense is nie die tipe mense wat sommer toegee dat enigeen of enige persoon hulle sommer met leisels moet trek in

enige/...

enige rigting nie. As hulle in ŉ vergadering is, dan luister hulle na dit wat gesê word. Ek praat nou nie van die raadslede se vergadering nie. Ek praat van enige vergadering wat my mense bywoon. As daar iets is wat hulle nie mee saamstem nie, maak hulle melding daarvan. As hulle nie met iets tevrede is nie, praat hulle daarvan en dan maak hulle ŉ geraas soos hulle in hierdie geval hierdie tipe geraas gemaak het. Dus stem ek nie saam dat die mense daardie geraas gemaak het as gevolg van die woorde wat deur hierdie persoon gebesig was nie. Hulle het die geraas gemaak om hulle verwerping verstaan te laat word. Ek het alreeds verduidelik dat die gevoel was dat hierdie man se optrede toon nie eer aan die gemeenskap nie, want daar het hy gepraat met een persoon, maar sy antwoord was gemik op die hele gehoor daar. Dit is die ding wat gemaak het dat die gemeenskap nie tevrede was nie.

HOF : Is dit dan so dat as iemand iets sê wat glad nie byval vind by ŉ vergadering nie, dan is daar ŉ oorverdowende lawaai? -- Dit kan wees dat as mense iets nie aanvaar wat daar genoem word nie, dan sal dit gebeur dat hulle so ŉ geraas moet maak om dit duidelik te maak dat hulle dit nie aanvaar nie, sonder om te baklei, of hulle is miskien nie tevrede nie. Dieselfde geld hier.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die beloftes by die vergadering, u sê dit gaan oor elektrisiteit en paaie en oor water en al die soort van ding wat die mense eintlik nodig het, nè? -- Ja, dit is so.

Kan u miskien net verduidelik op watter manier die raadslid dit aan die vergadering oorgedra het? Wat het hy beloof in verband met elektrisiteit byvoorbeeld? -- Hy het

verduidelik/...

verduidelik dat Evkom sy elektriese krag kostes verhoog het. Dus moet ons hoog verhoogde gelde daarvoor betaal. As ek reg onthou is dit wat hy gesê het met betrekking tot elektrisiteit.

Maar nou, u kla hulle het verlede jaar gepraat oor uitbreiding van fasiliteite, oor nuwe - oor krag in meer huise ensovoorts. Is daar een of ander grondslag waarvolgens die mense werk, waarvolgens hulle sê wat verlede jaar beoog was, wat bereik is en wat vir die volgende jaar in die vooruitsig gestel word of praat hulle net in die algemeen? Kan ek dit miskien net duideliker stel. Sê hulle nie byvoorbeeld vir u "Ons het verlede jaar daarin geslaag om krag in te sit in sê nou maar 300 huise en ons wil hierdie jaar probeer om in 350 huise krag in te sit" nie? -- Daar is partykeer wat hulle dit so gestel het. Later as ons nou begin praat van die elektrisiteit, dan gaan die raadslid vir jou sê van elektriese krag wat geïnstalleer was by 'n ander zone, nie waar jy is nie. Dan verloor hy uit die oog dat toe julle gepraat het oor die projekte daar in julle zone waar julle is, het julle gepraat namens die zone waarin julle woon. Dit is een van die dinge wat die gemeenskap nie kan verstaan hoe dit gewerk word nie.

Ek dink 'n mens kan baie lank daaroor gesels oor hoe dit werklik werk, maar ek laat dit daar. -- Ek stem saam, want ek sou ook baie antwoorde gegee het daaromtrent.

MNR. HANEKOM : Net een ding na aanleiding van wat die geleerde assessor aan u gevra het. U sê die raadslid het vergeet van die elektrisiteit vir u zone. Dit was die voorbeeld? -- Ja, dit is so.

Was dit nie die geval dat hy nie vergeet het daarvan

nie, maar dat hy in die raadsvergadering uitgestem is deur ander raadslede en dat ander projekte voorkeur gekry het? -- Ja, maar kyk, die gemeenskap is nie teenwoordig in daardie vergadering waar hulle stem nie. Met ander woorde, dit beteken hy moet dit vir die gemeenskap hier kom verduidelik dat dit die geval is.

En is dit nooit verduidelik nie? -- Nee, dit is nooit nie, in die sin byvoorbeeld. Sê nou hy hou ŉ vergadering hierdie keer en daar word deur die mense elektrisiteit vereis in die zone waar hulle woon, gaan hierdie raadslid na ŉ vergadering toe. Dit is die raad se vergadering. Daar word hy nou uitgestem en daar word nou elektrisiteit by ŉ ander zone toegestaan. Met sy terugkoms hier sê hy nie vir die mense "Kyk, mense, wat daar gebeur het, die prosedure is so" nie. "Ek kon nie daarin slaag nie. Daardie elektrisiteit wat julle gevra het, het daardie zone ook gevra. Dit is toegestaan aan hulle met die stem in daardie raad." Al wat hy vir ons kom sê het "Elektrisiteit is aangesit, maar by daardie zone", sonder ŉ verduideliking. Tweedens, al sê hy nou byvoorbeeld dat die raad dit toegestaan het in die ander zone, is dit nie vir hierdie gemeenskap in hierdie zone dat hulle dit gevra het nie. Hulle het gevra dat dit in hulle zone gedoen moet word.

Met ander woorde, die gemeenskap wou hê al die projekte moet op al die plekke gelyktydig aangepak wees? -- Die gemeenskap verstaan dit dat dit nie gelyktydig by al die punte gedoen kan word nie, maar dit moet die raadslid se plig wees om toe te sien dat as hy ooreengekom het met sy gemeenskap daar by daardie wyk van hom, dat dit as ŉ projek aangepak word op so ŉ tyd, dan moet dit so wees en dat

daar/...

daar soveel geld benodig gaan word vir daardie wyk se projek om aangepak te word, dan moet dit so wees.

Goed, ons gaan na die stigtingsvergadering van VCA op 9 Oktober 1983. Wanneer het jy vir die eerste keer gehoor van iets soos die VCA? -- Dit was in Oktobermaand 1983.

Wat het jy gehoor daarvan? -- Ek het ŉ pamflet bekom waarin kennis gegee was dat daar ŉ vergadering aan wees by die Roomse Kerk Zone 12.

Het die pamflet gemeld wat sou gebeur op die vergadering? -- Nee, nie in die pamflet self nie. Geen melding was gemaak oor wat daar gaan plaasvind nie, alhoewel ek al in die koerant gesien het, ook nie ten volle nie. Daar was melding gemaak van die "launch" van die VCA.

Is jy alleen na die vergadering toe? -- Ek was nie alleen nie, ek was in die geselskap van my neef. Op pad het ons ŉ derde persoon teëgekom wat by ons aangesluit het. Dus is ons saam soontoe.

Wie was jou neef? -- My neef?

Ja, wie is die neef wat saam met jou na die vergadering toe gegaan het? -- Joseph.

En sy van? -- Kwamanda.

En die derde persoon wat julle langs die straat gekry het? -- Die persoon ken ek net van sien daar in die omgewing. Ek weet nie wat sy naam is nie.

Het jou neef en die derde persoon die hele vergadering saam met jou deurgemaak totdat jy self daar weg is? -- Die persoon wat net van sien aan my bekend is, het geloop, maar my neef was by my gewees tot ons saam weg is.

Was die vergadering in ŉ kerk gehou of in die kerksaal? -- In die kerkgebou self was die vergadering gehou.

Was/...

Was daar enige pamflette of plakkate binne-in die kerk aangebring? -- Ja, daar was pamflette gewees, maar ek kan nie meer onthou watter tipe pamflette daar was nie.

Binne-in die kerk? -- Nee, dié wat ek gesien het was daar buite. Die kerkgebou self was vol gewees.

Laat ons het duidelikheid kry. Die vraag was was daar enige pamflette of plakkate binne-in die kerk aangebring? -- Nee, ek kan nie onthou van pamflette binne-in die kerkgebou nie.

En plakkate? -- Dieselfde met die plakkate.

HOF : Baniere? -- Ek kan nie onthou dat ek enige baniere daar gesien het nie.

MNR. HANEKOM : Kan jy dit betwis? Kan jy sê daar was glad nie of is dit moontlik dat daar was wat jy nie kan onthou nie? -- Ek kan nie persoonlik onthou of daar een was nie, want selfs by die plek waar ek toegang gekry het tot hierdie vergadering, dit wil sê in die gebou self, was dit vol mense gewees en ek moes op my voete staan, ek kon nie sitplek vind nie.

Was daar plakkate of pamflette of baniere buite op die kerkgebou aangebring? -- Ja, daar buite het ek ŉ pamflet gesien. Dit was nie ŉ plakkaat nie, maar ŉ pamflet wat eintlik hierdie vergadering aan die mense bekend gemaak het.

Net een pamflet? -- As ek dit gesien het, sal die miskien wees twee wat opgesit was by twee verskillende plekke.

Waar was dit? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Was dit teen die kerk se muur of was dit teen die omheining van die kerk? -- Ek vermoed dit was op die omheining van die kerkerf gewees.

Maar u is nie seker daarvan nie? -- Ja, dit is eintlik

nie/...

nie dinge waaraan ek meer aandag gegee het dat ek dit kan onthou nie. Ek was eintlik meer geïnteresseerd in die vergadering self.

Kan u onthou wie het die pamflet uitgegee? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Wie was op die verhoog in die kerk toe u daar binne kom? -- Persone aan my bekend wat op die verhoog was met my aankoms daar was Reverend Lord McCamel, dr. Motlana, Mr Curtis Nkondo en nog ander vreemde persone.

Was Esau daar? -- Esau Raditsela was daar gewees.

En Dorcas, sy vrou? -- Nee, ek weet nie of sy daar was nie. Ek het haar nie opgemerk nie.

Beskuldigde nr. 22? -- Al was hy miskien daar, hy was nie aan my bekend nie. Dus het ek geen belang in hom gestel nie.

Het u op daardie stadium ene Reverend Lethali geken? -- Nee, hy was nie aan my bekend nie.

En mnr. Khabi? -- Hy was aan my bekend.

Was hy op die verhoog? -- Wat hom betref, al wat ek kan onthou is dat hy teenwoordig was. Of hy nou tussen die gehoor was of op die verhoog, dit kan ek nie onthou nie.

Die ander gasspreker Elliot Shabangu, was hy op die verhoog? -- Hy was daar, maar ek sal u sê, ek het van hom vergeet, want hy was nie aan my bekend nie. Ek het eers begin hoor dat hy Elliot Shabangu is.

As u nou terugdink dan weet u hy was op die verhoog? Is dit wat u wil sê? -- Ja, ek onthou.

En Mike Kgaka, het u hom geken? -- Ek het hom nie geken nie.

Het u hom later leer ken? -- Ja, later het ek hom

leer/...

leer ken.

As u terugdink was hy by daardie vergadering? -- Ek kan nie onthou dat hy op die verhoog was nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K527 NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Toe u by die vergadering aankom op 9 Oktober 1983, wat was besig om te gebeur in die kerk? -- Die mense was besig om daar te praat.

Van die sprekers of bedoel jy die gehoor? -- Die mense op die verhoog het ook gepraat.

Was iemand besig om 'n toespraak te maak? -- Ja, dr. Motlana.

Waaroor het dr. Motlana gepraat? -- Hy het gepraat oor die verkiesings wat gehou moet word. Hy het breedvoerig oor hierdie ding gepraat van die magte wat die raadslede sal hê nadat hulle verkies is, dat hulle eintlik nie genoeg magte sal hê nie.

Wat nog? -- Ek kan nie sy toespraak presies aanhaal nie, maar dit was die woorde met daardie strekking wat hy gebesig het.

Het hy gesê die mense moet die Swart plaaslike besture, die nuwe stelsel wat in werking tree van Swart plaaslike besture ondersteun of moet hulle dit nie ondersteun nie? -- Hy het gesê volgens sy siening moet die mense dit nie steun nie.

Het hy gepraat van die verkiesing wat op hande was? -- Ja, hy het reeds van die verkiesings gepraat toe hy hierdie in die gesprek ingebring het in sy toespraak.

Het hy gesê die mense moet nie deelneem aan die verkiesings nie? -- Hy het daarvan melding gemaak dat die mense nie

deel/...

deel moet neem en nie betrokke moet raak by die verkiesings nie.

Het hy gesê hoekom nie? -- Hy het gesê die rede daarvoor is omdat die persone, naamlik die raadslede wat gekies sal word, sal nie magte hê nie. Alles wat hulle doen sal hulle toestemming voor moet vra, hetsy van die Minister of van iemand, maar hulle sal eers toestemming moet hê.

Het hy uitgebrei op wat se magte hy na verwys? Wat se magte hulle nie sou hê nie? -- Dit is hoe ek dit verstaan het. Die bewering was dat die persone sal die bestuur wees van die lokasie en met dit wat hy gesê het, het ek verstaan dat hierdie mense nie die volle magte sal hê om hulle eie dinge te doen sonder om die toestemming te vra van die Minister nie.

Het hy iets gesê oor die Soweto Committee of Ten? -- Nee, ek kan nie onthou dat hy enigiets daaromtrent gesê het nie.

Maar u betwis dit ook nie? -- Ek sal dit nie kan betwis nie, want destyds was hy ŉ leier van die Committee of Ten of hy was al vantevore ŉ leier daarvan.

Het hy iets gesê oor die stigting van ŉ plaaslike organisasie in die Vaal Driehoek? -- Op watter manier?

Het hy enigiets gesê oor ŉ organisasie wat gestig moet word of nie gestig moet word nie in die Vaal Driehoek? -- Daar was geen manier waarop hy so ŉ ding kon gesê het nie, want hierdie betrokke dag was die dag van die stigting van die Vaal Driehoek se organisasie deur die mense van die Vaal.

<u>HOF</u> : Ek begryp dit nie. Dit is nou die dag van die stigting van die organisasie van die mense van die Vaal? -- Ja, dit is so.

En/...

En hy sê nie ꞌn woord daaroor nie? -- Ek het die vraag so verstaan wat was sy opmerkings of kommentaar oor die stigting van ꞌn organisasie in die Vaal Driehoek.

Het hy niks daaroor gesê nie? -- Hy het sy blydskap uitgespreek teenoor die gemeenskap daar oor die stigting van hierdie organisasie wat daar gestig was in die Vaal Driehoek. Dit is na die verkiesings.

MNR. HANEKOM : Kan u net verduidelik wat u daarmee bedoel? Na watter verkiesings? Waarna verwys u nou? -- Laat ek dit herhaal. Hy het gesê - eintlik het hy sy blydskap uitgespreek deur te sê hy is so bly as die mense van die Vaal ook nou bereid is en gewillig was om hulle self ꞌn organisasie te laat stig in die Vaal.

HOF : Dat hulle een gestig het of hy sal bly wees as hulle een stig? -- Hy was bly omdat hy daar self teenwoordig was met die stigting van die Vaal Civic Association.

MNR. HANEKOM : Was daar al ꞌn bestuur vir die VCA gekies toe hy gepraat het of nog nie? -- Dit is voor hulle verkies was.

HOF : Was daar al enige besluite geneem? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het met my aankoms daar het die vergadering alreeds begin. Ek het verneem dat daar wel besluite alreeds geneem was en dat die gemeenskap daar besig was om ꞌn organisasie van hulle eie besluit te stig.

MNR. HANEKOM : Hoe laat het u by die vergadering aangekom? -- Ek kan nie meer presies onthou hoe laat dit was toe ek daar aangekom het nie, maar dit was al ꞌn tydjie dat die vergadering begin het dat ek daar gekom het.

Hoe het u dit geweet? -- Omdat dit lank na 14h00 was, ek skat om en by 14h30 of 14h35.

Hoe laat sou die vergadering begin? -- Ek kan nie

meer/...

meer so goed onthou of die vergadering gereël was om te begin om 13h00 of 14h00 nie.

Het dr. Motlana in sy toespraak melding gemaak van die UDF? -- Ek kan nie onthou dat hy enige melding daarvan gemaak het nie, maar ek kan dit nie betwis nie.

Kan jy onthou of hy gesê het dat die mense van die VCA moet aansluit by die UDF of kan jy dit nie onthou nie? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

U is ook nie in ñ posisie om dit te betwis nie? -- Ek het hom nie gehoor dit sê nie.

Die vraag is, sê u hy het dit definitief nie gesê nie of kan dit wees? -- Laat ek maar so sê, ek het hom nie gehoor so sê nie.

Die vraag is net, kan jy betwis dat hy dit gesê het? -- Ek het glad nie gehoor dat hy so gesê het nie.

Goed, ons laat dit daar. Wie het na dr. Motlana gepraat? -- Mr Curtis Nkondo.

Wie het hom voorgestel aan die vergadering? -- Die voorsitter.

Wie was dit? -- Reverend Lord McCamel.

Hoe het Lord McCamel hom voorgestel? -- Hy het gesê die volgende spreker sal wees mnr. Curtis Nkondo, ñ persoon wat hoog geleerd is en wat betrokke is met die onderwys.

Het hy ook gesê hy is ñ lid van die UDF? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

HOF : Het hy enige organisasie genoem waaraan mnr. Nkondo behoort het? -- As ek reg onthou het hy gesê hy behoort as NUSA.

MNR. HANEKOM : Het jy op daardie stadium geweet waarvoor staan dit, NUSA? -- Nie destyds nie.

Weet/...

Weet u dat mnr. Nkondo ook verbonde is aan die UDF? -- Ja, volgens wat ek van die koerante gelees het. Asook dit wat ek op TV gesien het. Ek sê dit omdat ek hom gesien het hier by die vertoning van die videos in die hof.

Het u dit geweet op die dag van die vergadering dat hy verbonde is aan die UDF? -- Nee, ek het nie geweet nie.

HOF : Het u op die dag van die vergadering van die UDF geweet? -- Ja, ek het daarvan geweet dat daar so 'n organisasie gestig was, omdat ek van die organisasie in die koerant gelees het.

MNR. HANEKOM : Watter taal het mnr. Nkondo gepraat toe hy die vergadering toegespreek het? -- Engels.

Het enigiemand as 'n tolk opgetree? -- Ja.

Wie was dit? -- Die persoon ken ek glad nie. Ek het hom net gesien terwyl hy daar getolk het.

In watter taal het hy getolk? Van Engels na wat? -- Van Engels na Suid-Sotho.

Wie het na mnr. Nkondo gepraat? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, was hulle die laaste twee sprekers net voor die verkiesings.

Waaroor het mnr. Nkondo se toespraak gegaan? -- Ek kan glad nie meer presies onthou om aan te haal wat mnr. Nkondo gesê het nie, behalwe om in die algemeen te sê dat die trant van sy toespraak het ook betrekking gehad op die aankomende verkiesings.

Wat het hy daarvan gesê? -- Hy het verskillende woorde gebruik as wat dr. Motlana gebruik het, maar die toespraak van hom het min of meer dieselfde boodskap gehad as dié van dr. Motlana dat die raadslede geen magte sou hê nie.

Sou u sê dit was die hooftema van sy toespraak? -- Dit is wat ek gehoor het.

Het/...

Het hy ook ŉ beroep op die mense gedoen om nie deel te neem aan die verkiesings nie? -- Ja, hy het dit ook gedoen.

Het hy ŉ rede gegee aan die gehoor hoekom hulle nie moet deelneem aan die verkiesings nie? -- Ja, dit waarvan ek alreeds gepraat het, naamlik dat hy gesê het die persone sal nie magte hê nie. Verder het hy gesê hulle sal nie geld hê om die benodigdhede van die lokasies te bekostig nie. Verder het hy ook gelees van die koerante oor sulke debatte.

HOF : Wag nou net so ŉ bietjie. U word gevra oor wat mnr. Nkondo gesê het en wat die rede is waarom hy gesê het dat daar nie deelgeneem moet word aan die verkiesings nie. Ek wil nie weet wat u in die koerante gelees het nie. -- Dit is heeltemal reg, dit was die vraag en ek het op die vraag geantwoord, maar dit is my gevoel dat in antwoord op die vraag moet ek verder meld van wat ek ook gelees het in die koerante wat die mense sê aangaande dit, wat die mense se debat was met betrekking tot hierdie bestaan.

My reëling is dit is nie ŉ antwoord op die vraag nie en dit word nie gegee nie. Volgende vraag?

MNR. HANEKOM : Het mnr. Nkondo uitgebrei op watter magte die raadslede sou hê? Op daardie vergadering, verstaan nou mooi, ons praat van die vergadering? -- Ek kan nie meer onthou wat die woorde is wat hy gebesig het nie.

Het hy van die Bantoe-onderwys gepraat? -- Weens die feit dat hy alreeds ŉ onderwyser was en onderwys gegee het, sal ek dit nie betwis dat hy daarvan gepraat het nie.

Kan u onthou dat hy daarvan gepraat het? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Het hy gepraat van die SRC stelsel in die skole teenoor die prefekte stelsel? -- Ek kan dit nie onthou nie.

U/...

U sal dit ook nie betwis nie? -- Ek sal dit nie kan betwis nie.

Het mnr. Nkondo gepraat oor eenheid, mense wat 'n eenheid moet vorm? -- Dit is moontlik dat hy daarvan gepraat het.

Het hy in daardie verband - kan u onthou, het hy dalk van Blankes gepraat toe hy van eenheid gepraat het? -- Nee, hy het nie van Blankes gepraat nie.

Wat het gebeur na mnr. Nkondo gepraat het? -- Daar was toe verkiesings gehou.

HOF : Wat bedoel u met verkiesings? -- Die leiers of die persone wat in die bestuur sou gedien het van hierdie organisasie wat gestig word, was toe daarna in daardie vergadering gekies.

MNR. HANEKOM : Het dit gebeur net na mnr. Nkondo se toespraak? -- Ek het al vroeër gesê dat ek nie meer presies kan onthou nie, maar ek dink dit is wat gebeur het.

Het ene mnr. Shabangu gepraat op die vergadering? -- Ek kan nie van hom onthou nie. Indien hy gepraat het, het hy miskien sy toespraak gelewer voor ek daar opgedaag het.

U getuienis gister was - u het gepraat van dr. Motlana wat gepraat het en van Curtis Nkondo en toe sê u daar was ook 'n derde spreker wie u nie op daardie stadium geken het nie, maar later gehoor het dit was Elliot Shabangu? -- Ja, ek ontken nie dat ek wel so gesê het nie. Dit is juis die rede dat ek nie in staat was om vir u te kon sê wat die persoon in sy toespraak gesê het nie.

Die vraag is nou, het u mnr. Shabangu hoor praat op die vergadering of het u hom nie gehoor praat nie? -- Ek het hom nie gehoor praat by hierdie vergadering nie.

Ek wil jou net verwys na jou hoofgetuienis. Dit is

volume/...

volume 169 bladsy 8 732. Nadat jy getuig het oor wat dr. Motlana van gepraat het, vra mnr. Bizos "Did you listen to any other speakers?" Daarop sê u "Yes, I did, for instance Curtis Nkondo." "Do you recall the name of any other speaker that spoke at this meeting?" Dan antwoord jy "Yes, there is a third person whose name I cannot remember what his name was." Dan sê mnr.Bizos "Even now you cannot remember what his name was?" en jou antwoord was "I only heard later that that person's name is Elliot Shabangu." -- Ek erken dit is so. Mag ek miskien verduidelik hoekom ek so gesê het? Hoekom ek so gesê het is omdat toe die twee persone daar toesprake gelewer het, dr. Motlana en Curtis Nkondo, was hierdie persoon na wie ek verwys het ook op die verhoog. Weens die feit dat die persoon nie aan my bekend was nie, het ek toe dadelik besef dat hy ŉ persoon is wat daar ŉ vreemdeling is. Toe die vergadering daar gesluit het, het die voorsitter ŉ dankwoord uitgespreek teenoor die sprekers op die vergadering. Toe hy dit gedoen het, was die naam van ene Elliot Shabangu ook gemeld. Dit is om daardie rede dat ek sê die persoon het ook ŉ toespraak gemaak, maar ek het nie gehoor waaroor hy in sy toespraak gehandel het nie.

Waarom het u dit nie in u hoofgetuienis verduidelik soos u dit nou verduidelik het nie? -- Die vraag aan my toe ek gelei was vir my getuienis-in-hoof was wie is die persone wie se name ek gehoor het wat toesprake daar gelewer het.

Die vraag net voor dit was "Did you listen to any other speakers?" -- (Geen antwoord)

HOF : Enige kommentaar? -- Ek weet nie. As ek miskien kan vra dat die advokaat vir die Staat verder vir my kan lees om nou te verstaan presies waaroor dit gegaan het net voor

daardie/...

daardie vraag?

Wel, die advokaat vir die Staat sê vir u u is gevra of daar behalwe dr. Motlana nog ander sprekers was? Na welke sprekers jy geluister het? Toe was die antwoord "Ja, ek het, byvoorbeeld Curtis Nkondo." Toe is jy gevra of jy die naam onthou van enige ander spreker wat op hierdie vergadering gepraat het. Toe sê u dit is 'n persoon wat u later verneem het Elliot Shabangu was. -- Ek verstaan nou wat die vraag is. Wat ek wel vir die Hof kan sê is, op die stadium toe dit vir my gevra was, het ek verstaan dat ek die vraag soos volg antwoord. Dat die persoon wil weet wie almal sprekers daar was. Dus het ek geantwoord na aanleiding van wat ek weet, persone wat daar toesprake gegee het, is die volgende. Dit is hoekom ek die name daar genoem het. Daarby bedoel ek die twee het ek na geluister terwyl hulle toesprake daar gelewer het. Die derde persoon erken ek dat hy 'n toespraak gegee het, wat ek nie gehoor het nie. Dit is nie 'n kwessie van dat ek sê ek het hom gehoor 'n toespraak lewer nie, maar ek het gesê hy het 'n toespraak daar gelewer.

As dit so is, wat sê u van die probleem wat ek met die volgende stukkie getuienis het. Dit verwys na die volgende drie sprekers, synde mnre. Shabangu, Motlana en Nkondo. Die vraag is "Did any of these speakers in their speeches use any language which suggested to you that violence should be used for any purpose whatsoever?" -- Ek het daarop geantwoord met betrekking tot die persone wie ek gehoor het toesprake maak.

MNR. HANEKOM : Wie was die ander mense wat sprekers op die vergadering was wat u nie gehoor praat het nie? -- Ek het alreeds gesê dit is mnr. Shabangu.

HOF : Net die een? -- Die ander wat veronderstel was om

toesprake/...

toesprake te lewer, kan ek nie sê nie.

MNR. HANEKOM : Het u enige ander toespraak daardie dag op die vergadering gehoor behalwe dié van dr. Motlana en mnr. Nkondo? -- Ek het toesprake gehoor wat van die gehoor af gekom het. Dit het hulle gedoen toe hulle gepraat het van hulle probleme wat hulle in die lokasie ondervind.

Wie was die mense? -- Dit is die mense van Sebokeng.

HOF : Het hulle name? -- Nee, ek het nie die name nie, want die mense het sommer begin praat vanuit die gehoor.

MNR. HANEKOM : Het u enige van die persone wat daar gepraat het, enigeen van hulle, by name geken? Dit is enige van die persone wat vanuit die gehoor gepraat het? -- Nee, glad nie. Ek wil my nie self bind in verband met iets daaroor nie.

Het u op daardie stadium vir mnr. Khabi geken die voorsitter van ERPA? -- Ja, ek het hom geken.

Het hy daar gepraat uit die gehoor uit? -- Ja, hy het gepraat.

Waarom het u nie dit gesê toe ek vir u gevra het of u enigiemand geken het nie? -- Ja, ek erken dat ek nie aan u so gesê het toe u dit vir my gevra het nie. Ek sal vir u sê dat die rede daarvoor is dat u my baie gevra het oor Shabangu. Dus het dit my ontgaan dat mnr. Khabi ook daar gepraat het.

HOF : Maar het Khabi dan van die verhoog af gepraat? -- Ja, hy het van die verhoog af gepraat.

MNR. HANEKOM : Toe ek u 'n paar vrae terug gevra het of u iemand kan onthou wat uit die gehoor uit gepraat het, of mnr. Khabi uit die gehoor uit gepraat het, het u gesê hy het uit die gehoor uit gepraat. Sê u nou hy het van die verhoog af gepraat? -- Die vraag is nie duidelik nie.

HOF : Die advokaat sê "Toe ek u ŉ paar vrae vantevore gevra het, het u gesê dat hy (Khabi) uit die gehoor uit gepraat het en nou sê u hy van die verhoog af gepraat"? -- Hy het gepraat. Hy was daar voor in die nabyheid van die verhoog. Dus kan ek nie met sekerheid sê of hy vanuit die gehoor gepraat het en of hy op die verhoog gestaan en praat het nie, maar hy het gepraat met sy gesig na die gehoor.

MNR. HANEKOM : U het nou drie moontlikhede vir die Hof genoem. Watter een is nou die regte een? -- Hy het gepraat terwyl hy daar voor was. Ek het al vroeër gesê die saal was vol mense gewees of die vergadering was vol gewees. Ek kan dus nie sê of hy daar gepraat het terwyl hy op die grond gestaan het in die gehoor en of hy op ŉ stoel was nie.

HOF : U bedoel of hy op die grond was en of hy op ŉ stoel was? -- Met die stoel het ek verwys na die verhoog.

Ja, maar ek begryp dit nie. Is hy voorgestel deur die voorsitter of is hy nie voorgestel deur die voorsitter nie? -- Dit kan ek nie meer onthou of hy voorgestel was en of hy self gevra het om vergunning verleen te word om iets te sê en of hy net begin praat het nie. Dit kan ek nie onthou nie.

MNR. HANEKOM : Hoe hoog was die verhoog in daardie kerk? -- Dit is nie so baie hoog nie.

HOF : U kan sommer vir ons wys of dit laer is as die sitplek van daardie stoel of so hoog soos die leuning van die stoel voor u? -- Dit is laer as die sitvlak van daardie stoel.

Hoeveel laer? Wys vir my met u vingers? -- (Getuie dui aan)

32cm. -- Dit is as ek nou mooi gesien het hoe hoog die verhoog was.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Maar toe u by die vergadering aangekom het, het u gesien wie is die mense wat op die verhoog sit? U het nie daarmee probleme gehad nie. Is dit reg? -- Ja, ek het gesien wie die persone was wat daar op die verhoog was. Mense soos dr. Motlana wat toesprake gemaak het en hulle was eintlik gaste daar. Dit is die rede hoekom ek hulle so goed opgelet het, omdat hulle ook toesprake gemaak het. Daar is wel ander mense wat ook nie aan my bekend was nie, wat ook op die verhoog was, maar wie ek nou kan sê wie dit was nie, behalwe Reverend McCamel en Esau Raditsela. Die manier waarop daardie plek vol was, dit was so vol gewees dat van die gehoor ook daar op die verhoog gaan sit het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 11 FEBRUARIE 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-3-172**
*Document Title:-* **Vol 172 p 8845-8901. Witness: Nkopane**